

DANKBAARHEID

Die belangrikste van vandag is dat ons dankbaar is en ons dank uitspreek. Hy noem dat hy daarvan oortuig is dat dankbaarheid een van die kosbaarste gevoelens is wat ons mense het. Dit is 'n gevoel wat bo onself uitstyg tot God, na die hele skepping, na die mense wat aan ons lewe liefde en aandag gegee het. Dit is 'n gevoel waarin ons ons afhanklikheid ervaar soos 'n geskenk en te besef dat ons deur die afhanklikheid te bly erken en gedenk, die beste kan ervaar wie ons eintlik is – 'n klein maar kosbare deeltjie van die skepping en veral van die grootmensefamilie. Op hierdie dag sê hy, kan ons sê dit is goed om “maar net” mens te wees en in ons gemeenskaplike menswees kan ons God se liefde erken.

Hier is nog 'n paar aanhalings oor **DANKBAARHEID**: (die skrywers anoniem tensy anders vermeld)

- Dankbare mense is soos vrugbare akkers grond – hulle gee tien maal meer terug as wat hulle ontvang het.
- Wie dankbaar verlief is op gewone dinge is 'n ryk en gelukkige mens
- Wie elke sonstraal met dankbaarheid geniet, sal ook in 'n skaduwee kan leef
- Wie nie dankbaarheid in hom het nie, kan vir andere niks bied nie
- God kan nie groot dinge toevertrou aan hulle wat die kleine nie in dankbaarheid ontvang nie. – Dietrich Bonhoeffer

Kom ons bid:

Heer ek is nie self die lewe nie, die lewe leef in my, maar dit is U asem, nie myne nie. Ek asem U asem slegs in en uit. Laat my dit elke dag oorweeg om vir U, gedagtig hieraan, dankie te sê. AMEN

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- Bid asb vir Janine Vorster – elke gebed is bitter nodig
- Bid asb vir gebroke huwelike; verslawings & depressie lyers
- Bid asb vir Eskom & sy werkers in die moeilike tye
- Bid asb vir eenheid & herlewing in ons dorp & land
- Bid asb vir al die verslaafdes vir volle genesing
- Bid vir Lottie Conradie – sy het MS en kry baie swaar
- Bid asb vir Marié Deysel – sy het kanker
- Bid asb vir Maria Steyn vir volle genesing
- Bid asb vir Anet Beckman – sy het kanker
- Bid asb vir Oom Sampie Swart – hy is baie siek
- Bid asb vir Isak & Anna Mofokeng – beide is ernstig siek
- Bid asb vir Ria Putter vir volle genesing
- Bid vir Gert & Magriet du Plooy-albei is ernstig siek
- Bid asb vir Louise van Zyl-sy het 'n groot rugoperasie gehad

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- Ons is lief vir U!



No matter what happens, no matter how far you seem to be away from where you want to be, never stop believing that you will somehow make it. Have an unrelenting belief that things will work out, that the long road has purpose, that the things that you desire may not happen today, but they will happen.

**CONTINUE TO PERSIST
AND PERSEVERE.**

- Brad Gast



Onthou om te onthou . . .

Datum	“Topic”	Plek
12 Mei 2019	Paassangdiens	VP Kerk
25 Mei 2019	Vleisfees	VP Kerk

